

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal-Wes
6 Oktober 1974

Onderwerp: Intree preek

Lees: Romeine 1 verse 1 tot 16

Teks: Romeine 1 vers 16

Sing: Psalm 33 verse 1 en 5
Gesang 89 verse 2 en 3
Gesang 36 verse 2 en 4

“Broers en Susters, terwyl Paulus dié brief aan die Romeine geskryf het, het hy met ’n geweldige probleem geworstel. Rome was ’n florerende handelstad. Die ekonomiese welvaart het mettertyd sy stempel op die lewe van die inwoners afgedruk. Selfs die gemeente van Jesus Christus is dit nie gespaar nie. Geld het feitlik op elke terrein hard gepraat. Die gevolg was dat die gevoel van afhanklikheid van God, die Gewer van alle gawes, gaandeweg plek gemaak het vir ’n gees van selfversekerdheid en uiteindelik geestelike losbandigheid. Dit was menslik gesproke verspot om vir ryk en geleerde Romeine te sê: Julle is totaal verlore as julle nie in Christus Jesus glo nie.

“Wie was dié Jesus van Paulus nou eintlik? Was hy nie maar die leier van ’n klein sektetjie onder Jode, wat as volk onder die Romeinse keiser onderworpe was nie? Was Hy nie maar net die seun van ’n skrynwerker uit die nederige Nasaret, wat uiteindelik ’n roemlose dood gesterwe het nie?

“Om vir hierdie selfversekerde, ryk en geleerde mense te sê dat in hierdie Man en in Hom alleen hulle enigste hoop en verlossing gelê het, was skynbaar ’n belaglike dwaasheid. En tog, Broers en Susters, sê Paulus aan hierdie mense: ‘ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie, want dit is ’n krag van God tot redding vir elkeen wat glo’. (Rom 1:16)

“Vanwaar het Paulus die vrymoedigheid en moed gekry om dit vir hulle te sê? Die antwoord lê in wat met sy lewe oppad na Damaskus gebeur het. Daar het hy ’n ontmoeting met God en Jesus Christus gehad. Daar het Jesus Christus hom soos ’n stuk brandhout uit die vuur geruk. Daar het hy die hoë, lieflike en heerlike doelwit van sy lewe ontdek. Daar het Jesus Christus die Koning

van Paulus se lewe geword en het die lewe vir hom sin en betekenis gekry.

“Voortaan sou Jesus Christus alles in sy lewe wees en die uitbreiding van die koninkryk van God sy enigste begeerte. Daarom kon hy met die eerlikheid van sy hart sê: ‘Ja waarlik, ek ag ook alles skade om die uitnemendheid van die kennis van Christus Jesus, my Here, ter wille van wie ek alles prysgegee het en as drek beskou, om Christus as wins te verkry’. (Fil 3:8)

“Omdat dit alles waar was van Paulus se lewe, kon God hom wonderlik in die uitvoering van God se plan met die wêreld gebruik. Daarom kon Paulus ’n medewerker van God wees.

“Broers en Susters, vir elke ware dienskneg van God is hierdie ontmoeting met God en Christus Jesus ’n voorwaarde wat voorop staan. Want Broers en Susters, dit is deur die Drie-enige God en Hom alleen dat ons die vrymoedigheid ontvang om teenoor ’n selfversekerde en goddelose wêreld te staan met die evangelie van die kruis. In Hom en Hom alleen is ons nie meer skaam om met mense te praat oor Jesus Christus en die eindbestemming nie. In Hom en Hom alleen weet ons dat die mense se grootste probleem die sondeprobleem is. En ons weet dat die oplossing vir hierdie probleem nie lê in die prestasies van die wetenskap, of die wysede van filosowe, of die strategië van skitterende militêre leiers, of die beraadslaging van die VVO nie.

“Nee, Broers en Susters, omdat ons so ’n ontmoeting met God gehad het, weet ons dat die oplossing vir die sondeprobleem in Christus Jesus lê. Dit is die Seun van God uit die timmermanswinkel van Nasaret wat stukkende lewens heel maak.

“Gemeente, met hierdie evangelie-boodskap sal ons Sondag na Sondag en geleentheid by geleentheid, solank dit God behaag om ons hier te hou, voor u kom staan. Want ten opsigte van hierdie boodskap is ons in die skuld by God. ’n Skuld wat ons graag wil vereffen. Daarom sal ons tydig en ontydig, daar by u huis en hier in die kerk by u aanklop in die Naam van Jesus wat ons gestuur het.

“Broers en Susters, ons kan vir u vanmôre met die oortuiging van ons hart sê: As u hierdie evangelie in al sy konsekwensies aanneem, sal alles in u lewe verander. Daar sal ’n herlewing kom. God sal antwoord as ons bid: ‘... laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde’. (Matt 6:10) Want die boodskap van die evangelie is nie maar net ’n

menslike filosofie, of 'n hervormingsplan naas baie ander nie. Nee, dit is die krag van God tot redding van elkeen wat glo.

“Sal Paulus en ons, ons skaam vir so 'n evangelie? Dit is ondenkbaar en onmoontlik. Ons moet al ons tyd, kragte en talente tot beskikking van God stel, om hierdie boodskap met ywer, toewyding en haas af te lewer, omdat die tyd min is.

“Die tweede rede vir Paulus se vrymoedigheid en moed het gelê in die feit dat hy 'n boodskapper van die Koning was. God het hom gestuur. Dit is die glorie van die prediker: gesant, gestuurde van God. Derhalwe moet hy aan niemand rekenskap gee nie, behalwe aan God. Maar as dit sy glorie is dat hy gestuurde van God is, dan is dit tegelykertyd ook sy roemloosheid. In homself het hy as gesant van God niks om oor te roem nie, behalwe om te roem in die genade van God wat swakke nietige mense, soos Paulus, in sy diens wil en kan gebruik. As boodskapper van die Koning moet hy dus nooit sy eie roem en eer soek nie. Hy moet nooit sy eie boodskap bring nie, maar altyd sê: So spreek die Here. As ek my sou skaam vir hierdie boodskap, dan sal dit 'n kennelike bewys wees dat ek geen boodskapper van die Koning is nie.

“Die gesant van God kom in die Naam van God en daarom moet hy uitroep: ‘Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom.’ (Matt 3:2; 4:17) Wie dus die gesant van God afwys, wys God af. Wie die gesant van God ignoreer, ignoreer God wat deur die gesant se lewe toenadering tot hom soek. Wie die gesant wegstuur, stuur God weg wat deur die gesant bemoeienis met sy lewe wil maak.

“Daar rus dus 'n verantwoordelikheid op die hoorder, die gemeente, ja, elkeen wat aangespreek word. Sal die Woord van God eendag teen ons getuig? Sal ons eendag daarbo aan die deur hamer en roep? ‘Meneer, meneer, maak vir ons oop!’ (Matt 25:11) Sal Jesus Christus, die Bruidegom, antwoord? ‘Voorwaar ek sê vir julle, ek ken julle nie.’ (Matt 25:12)

“Die antwoord op hierdie en dergelike vrae sal afhang van wat u met die boodskap van die evangelie, die roepstem van God en die klop van sy Heilige Gees gemaak het.

“Broers en Susters, daar is vele aspekte van ons sosiale en huislike lewe wat nie altyd die toets van die evangelie deurstaan nie. Dan probeer ons om die mond van die boodskapper van die Koning te snoer

met ons kritiek, ligsinnige opmerkings en spot, of bloot net deur 'n traak-my-nie-agtige houding.

“Dominee, ons is bly u het die beroep aanvaar. U kan maar onder ons woon, maar u moet tog nie kwaad oor ons profeteer nie. Dominee, ons is bereid om met u vêr saam te loop. Ons is bereid om Sondae na u te kom luister. Ons is bereid om ruim by te dra aan dankoffers, maar met die voorbehoud dat u nie die aanspraak van ons natuurlike hart, van ons gelykvormigheid aan die wêreld en ons rustigheid met u prediking en arbeid kom versteur nie. Ons is bereid om die elektriese geleidingsdraad van die Woord van God in ons midde toe te laat, maar op een voorwaarde: Dit moet só geïsoleer wees, dat wanneer ons daarmee in aanraking kom, daar geen kortsluiting en skok sal wees op die punte waar ons hart en lewe nie reg is voor God nie.

“Die krag van hierdie tendens is groot. En sou die gesant daarna soek om populêr te wees, kan hy maklik hieraan toegee. Mag God my daarvan bewaar. Om populêr wees, kos niks. Dit weet ons. Om populêr te wees, moet jy maar net die wêreld na die mond spreek.

“Broers en Susters, wat die wêreld nodig het, is salfies en smeergoedjies nie, maar die ontleedmes van die ewangeliewoord van God. Dit is die mes wat die kwaad, die gewas, kan blootlê; en ons by die genade van God bring. En ons weet dat ons hierin die ondersteuning en lojaliteit van die kinders van God in hierdie gemeente sal hê. Daarom, laat ons handevat. Laat ons saam kniel. Laat ons die hand aan die ploeg slaan en vorentoe kyk, die oë gevestig op Jesus, die Leidsman en voleinder van ons geloof.

“n Derde rede vir Paulus se vrymoedigheid lê daarin dat hy met God se grasie die Romeinse heersers, Romeinse burgers, die Romeinse veldheer en Romeinse bedelaars, die Romeinse vryman en slaaf in een belangrike opsig as gelykes gesien het. In Jesus Christus het hy al hierdie mense gesien soos wanneer al hulle titels, sosiale en militêre prestasies weggeval het, die kleed afgeruk is en hulle nakend voor God gestaan het. By God is daar geen aanneming van die persoon nie. Paulus het sy hoorders in Jesus Christus gesien, soos God alle mense sien: sonder hulle ampte, voorgee, huigelary, voordoenerigheid, medaljes en blink strydwaens. Die verligting van die Heilige Gees gee dat die gesant van God mense sien soos hulle werklik is: sondaars voor God. Mense vir wie die water

tot by die mond gekom het. Mense wat net een behoefte het, naamlik redding en verlossing.

“Ja, die hoë trappies waarop die mense in Rome so dikwel volgens hulle sosiale stand en rang onder mekaar gestaan het, het verdwyn voor Paulus se oë. Hy het die grootes, die rykes, ja, elke Romeinse burger in een patetiese lyn voor God sien staan: geklee in die skamele kleed van sonde. Almal is gelyk. Almal is in sonde ontvang en gebore. En Paulus het geweet dat geen mens hier kan red nie. Geen wêreldorganisasie kan help nie. Nee, net God alleen kan hier red.

“Want, Broers en Susters, die verknorsing wat die sonde bring, is só groot, só diep, só vreeslik, dat niks kan red behalwe die krag van God nie. Ja, die groot en magtige God is nodig om die sondige mens uit die steengroewe van hierdie wêreld los te ruk en dan in te messel in die muur van God se koninkryk.

“Met hierdie boodskap kom ons na u. Hiervoor skaam ek my nie. Wie van ons is skaam oor sy rykdom en aardse besittings? Hier is ons besitting: die evangelie van Jesus Christus. Dit is ’n heerlike rykdom. En die rente op hierdie belegging is die krag van God tot saligheid.

“Elkeen het Jesus Christus nodig. Elkeen is ’n sondaar en elkeen het die krag van God nodig om gered te word. Ons mag nie skaam wees nie, behalwe vir ’n verwaarloosde binnekamer en my sonde voor God.

“Gemeente van Vredendal-Wes, só groet ons u saam met ’n Nehemia van ouds: ‘Die God van die hemel, Hy sal ons dit laat geluk, en ons, sy knegte, sal ons klaarmaak en bou’. (Neh 2:20)

“Wil u saam inval? As dit ’n ‘ja’ is, dan sal u eendag die woorde van Jesus hoor: ‘Mooi so, goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel. Gaan in in die vreugde van jou heer.’ (Matt 25:23)

“Amen.”